Deeds of Transfer T2953/1931, dated 1 May 1931; T7518/1928, dated 27 July 1928; CPF 30-16/1920, dated 10 February 1920; and CPF 31-17/1923, dated 9 May 1923.

8. THE PROPERTY WITH THE HISTORIC OLD GAOL BUILDING THEREON, ON THE CORNER OF CHURCH AND QUEEN STREETS, KNYSNA

*Description*

The property, together with the historic old gaol building thereon, being certain freehold land (formerly perpetual quitrent land), consisting of four erven marked 6, 12, 25 and 27, situated in the Village of Newhaven, at Knysna (now known as Erf 1003, Knysna), in extent 3 083 (three thousand and eighty-three) square metres.

Deed of Transfer T62/1859, dated 8 January 1859.

9. THE JAGERSBOS (ALSO KNOWN AS JAGERSBOSCH) HOMESTEAD, AT STILL BAY, DISTRICT OF RIVERSDALE

*Description*

The Jagersbos (also known as Jagersbosch) Homestead, together with 10 metres of surrounding land, situated on Portion 14 of Farm 490, Jagersbos, in the Municipality of Still Bay, Administrative District of Riversdale.

Certificate of Consolidated Title T7290/1990, dated 9 February 1990.

**T. G. ALANT,**
Deputy Minister of National Education.

## DEPARTMENT OF PLANNING, PROVINCIAL AFFAIRS AND NATIONAL HOUSING

**No. 1089** **24 May 1991**

COUNCIL FOR THE CO-ORDINATION OF LOCAL GOVERNMENT AFFAIRS: APPOINTMENT OF PERSONS OR INSTITUTIONS FOR PURPOSES OF MEMBERSHIP

Notice is hereby given in terms of section 3 of the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983 (Act No. 91 of 1983), that Mr H. J. Kriel, Minister of Planning, Provincial Affairs and National Housing, hereby appoints Messrs D. W. Watterson, A. Siebrits and I. Davidson of the United Municipal Executive of South Africa (UME) as members of the Council for the Co-ordination of Local Government Affairs for a term ending 31 December 1991.

**H. J. KRIEL,**
Minister of Planning, Provincial Affairs and National Housing.

Transportaktes T2953/1931, gedateer 1 Mei 1931; T7518/1928, gedateer 27 Julie 1928; CPF 30-16/1920, gedateer 10 Februarie 1920; en CPF 31-17/1923, gedateer 9 Mei 1923. 9|2|052|1

8. DIE EIENDOM MET DIE HISTORIESE OU TRONKGEBOU DAAROP, OP DIE HOEK VAN KERK- EN QUEENSTRAAT, KNYSNA

*Beskrywing*

Die eiendom, tesame met die historiese ou tronkgebou daarop, synde sekere vrypaggrond (voorheen ewigdurende erfpaggrond), bestaande uit vier erwe gemerk 6, 12, 25 en 27, geleë in die dorp Newhaven, te Knysna (nou bekend as Erf 1003, Knysna), en groot 3 083 (drieduisend drie-en-tagtig) vierkante meter.

Transportakte T62/1859, gedateer 8 Januarie 1859. 9|2|079|2

9. DIE JAGERSBOS (OOK BEKEND AS JAGERSBOSCH) OPSTAL, TE STILBAAI, DISTRIK RIVERSDAL

*Beskrywing*

Die Jagersbos (ook bekend as Jagersbosch) Opstal, tesame met 10 meter grond daaromheen, geleë op Gedeelte 14 van Plaas 490, Jagersbos, in die munisipaliteit Stilbaai, administratiewe distrik Riversdal.

Sertifikaat van Verenigde Titel T7290/1990, gedateer 9 Februarie 1990.

**T. G. ALANT,**
Adjunk-minister van Nasionale Opvoeding.

## DEPARTEMENT VAN BEPLANNING, PROVINSIALE SAKE EN NASIONALE BEHUISING

**No. 1089** **24 Mei 1991**

RAAD VIR DIE KOÖRDINERING VAN PLAASLIKE OWERHEIDSAANGELEENTHEDE: AANWYSING VAN PERSONE EN INSTELLINGS VIR DOELEINDES VAN LIDMAATSKAP

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 3 van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983 (Wet No. 91 van 1983), dat mnr. H. J. Kriel, Minister van Beplanning, Provinsiale Sake en Nasionale Behuising, mnre. D. W. Watterson, A. Siebrits en I. Davidson van die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika (VMB) aanstel as lede van die Raad vir die Koördinering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede vir 'n termyn eindigende 31 Desember 1991.

**H. J. KRIEL,**
Minister van Beplanning, Provinsiale Sake en Nasionale Behuising.

23